

Maandag 7 September

Skrifgedeelte: Rut 4:1-10

Fokusgedeelte: Rut 4:9, 10 (1983-vertaling)

God is in beheer, deur sy heerskappy baan Hy die weg vir die koms van die Messias

Ons het selde volle perspektief op ons omstandighede, wat dit ook al mag wees. Ja, ons is bewus van ons onmiddellike omstandighede, maar sien nie altyd die “groter prentjie” raak nie. Net so het Boas en Rut ook nie geweet wat die doel van hulle omstandighede was terwyl dit afgespeel het nie. Rut het geveg vir oorlewing, en Boas het hom ontferm oor haar. So het hulle met hulle lewens voortgegaan, sonder volle begrip van God se “groter plan”.

God het hulle lewens egter so bestuur dat dit in sy “Groot Plan” ’n belangrike plek gehad het. Die wonderlike resultaat van Boas en Rut se huwelik was dat die seun wat vir hulle gebore was, die oupa van koning Dawid was. So doen God deur die lewens van mense wat ’n beperkte perspektief op die “groter prentjie” gehad het, uiteindelik iets wonderliks. Uit die nageslag van Dawid is die Messias gebore: Jesus Christus wat bestem was en gekom het tot redding van almal wat in Hom glo.

So dikwels gaan ons ook maar net met ons dagtake aan en doen wat ons moet, en gaan so deur ons lewens sonder om stil te gaan staan en die “groter prentjie” in ag te neem. Ons het egter die voordeel om te weet wat die “groter prentjie” is. Ons weet Christus het vir ons sondes gesterf, en ook opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel. Sy Heilige Gees getuig dit in ons harte.

Vandag roep God ons weereens op om sy getuies te wees. Getuig van jou redding in Christus. Getuig daarvan dat God altyd in beheer is.

Sing: Psalm 9-1:1, 7

Teologiese Student HC Andersen (Riaan)